



DIE GROOT 5 KANKERS WAT VROUEN IN SUID-AFRIKA AFBEKLEEF

KOLOREKTALE KANKER



Die meeste kolorektale kankers begin as 'n **POLIEP**, 'n klein uitgroei van weefsel wat in die voering begin en wat later versprei tot in die middel van die kolon of rektum. Dokters kan poliepe tydens 'n kolonoskopie prosedure verwyder.

TEKENS & SIMPTOME

(Baie mense ervaar geen simptome nie)

- Verandering in dermgewoontes, insluitende diarree / hardlywigheid
- Rektale bloeding of bloed in die stoelgang
- Voortdurende abdominale ongemak (krampe, gas of pyn)
- 'n Gevoel dat die dikderm nie heeltemal ledig nie
- Swakheid of moegheid
- Onverklaarbare gewigsverlies



Leeftydrisiko vir vroue
1:135 in SA
Nasionale Kankerregister (NKR) 2012


Ander Risikofaktore

- Inflammatoriese dermatoestande
- Persoonlike/ familiegeskiedenis van:
 - kolorektale poliepe
 - kolorektale kanker

Lewensstyl faktore wat bydra tot 'n verhoogde risiko vir kolorektale kanker:




Gebrek aan gereelde oefening



Lae vrugte- / groenteinname



Lae-vesel en 'n hoë-vet dieet



Oorgewig (vetsug)



Alkoholgebruik



Onvoldoende inname van skoon veilige water




Tabakgebruik

Die risiko vir meer as 30% van kankers kan verminder word deur jou dieet en lewensstyl te verander

VROEË OPSPORING IS NOODSAAKLIK

- Gaan vir gereelde kolon siftingstoetse soos 'n kolonoskopie vanaf die ouderdom 50 jaar - elke 10 jaar
- Sekere KANSA Sorgsentra & Mobiele Gesondheidsklinieke landswyd bied fekale okkultbloedtoetse aan vir kolonkanker (monster van stoelgang word verkry om sodoende klein hoeveelhede bloed op te spoor). Positiewe resultate vereis 'n verwysing na 'n dokter alhoewel dit nie altyd 'n indikasie van kanker is nie.

RISIKO VIR KOLONKANKER VERHOOG MET OUDERDOM (50+)



Tolvry 0800 22 66 22
www.cansa.org.za